



**Genealogiese Genootskap
van Suid-Afrika
(GGSA)**

As lid kan jy die volgende verwag

- Om met medegenealoë skouers te skuur en kennis en inligting uit te ruil. Die tak se lede is 'n uiteenlopende groep mense wat elkeen 'n gesonde belangstelling in genealogie, wat hulle in een of ander vorm as stokperdjie beoefen, het.
- Op die tak se Telegramgroep word daar relevante nuus gedeel, raad gegee en saam kopgekrap oor vrae wat oor ons pad kom.
- Tien maandelikse byeenkomste word jaarliks gereël waartydens gesaghebbende sprekers praatjies oor interessante onderwerpe lewer. Dit geskied in kontaksessies indien moontlik maar word ook gelyktydig via Zoom gedeel. Opnames is daarna op ons webblad beskikbaar.
- Vier uitgawes van die tak se nuusbrieff, *Die Genealoog*, word jaarliks uitgestuur. Artikels word deur ons lede bygedra. Verder word die GGSA kwartaalblad, *Familia*, ook aan lede gestuur. Lede kan daarin ook bydraes lewer en die inhoud fokus effens meer op formele bydraes tot genealogiese kennis. Ondersteuning word ook aan lede wat hul navorsing onafhanklik wil publiseer, gebied.

*Webwerf
genza.org.za*

Genealogie gaan oor familie:

stambome, familie-geskiedenis, familie-stories, familie-erfgoed ... voorsate, nasate, genetika, nalatenskap ... ontdek, verstaan, waardeer, behou ... weet wie jy is ...

Kom sluit gerus aan

- Lede neem volgens hul voorkeur en kapasiteit aan projekte deel. Dit sluit byvoorbeeld transkripsieprojekte, die versameling van begrafnisbriewe, die opstel van kwartierstate, begraafplaas-uitstappies om grafte te fotografeer en fokusgroepe vir spesifieke rekenaartoe-passings, genetiese (DNS) genealogie ens. in.
- Argieftoere met afslag vir lede word jaarliks gereël. Tydens die toer word lede begelei om navorsing te doen en die die argief op grond van hul bestaande kundigheid te gebruik.
- Die Gauteng-Noordtak se omvattende versameling genealogiese navorsingsbronne word in die biblioteek van die Erfenisstigting by die Voortrekkermonument gehuisves. Dit is tot die beskikking van alle lede van die GGSA. Lede kan ook die *identitynumber.org* webwerf gebruik.
- Die tak streef daarna om dinamies te bly en by veranderende omstandighede aan te pas ten einde lede te ondersteun om hul genealogiese doelwitte te bereik.

*Lede
aansoekvorm*



GGSA Gauteng-Noordtak

Maak kontak

As jy meer inligting nodig het
kontak gerus vir Niki:
niki.bezuidenhout.ggsa@gmail.com



*Die Genealoog
kwartaallikse publikasie*